



# Die langpad avontuur

is spesiaal vir jou geskryf

(Kind se naam)

(Spesiale boodskap)

(Van : "Naam")

Die Hangkashaas Uitgewers
www.diehangkashaas.co.za

ISBN 978-1-0672494-9-6

(Kind se naam) was ’n pragtige geel karretjie wat in die mooiste dorpie met die naam Motorstad gewoon het.

Sy maatjies genaamd (Dogtertjie maatjie se naam) Vreugde, Hartseer Sarel, Willie Woede, Bang Fanie, Sannie Skaam, en (Seuntjie maatjie se naam) Liefde het saam met hom in ’n groot motorhuis in die dorp gebly.





(Dogtertjie maatjie se naam) Vreugde was 'n vrolike pienk karretjie met pragtige blommetjies.

Haar ligte was altyd helder en haar aansteeklike toeter het die mooiste musiek gemaak. Sy was altyd gelukkig en wanneer sy naby was, het almal om haar geglimlag en wou oral saam met haar ry.

Hartseer Sarel was ’n stil blou karretjie.

Hy het ’n sagte toeter gehad.

Alhoewel sy trane maklik oor sy wangetjies gerol het, het hy altyd geweet wat om te sê as een van sy maatjies treurig was.  Sy lyfie was al blink van al die traantjies wat hom so mooi skoon gewas het.







Willie Woede was ’n vinnige rooi sportskarretjie.

Hy het vinnig gery en wanneer die ander karretjies in sy pad kom, was hy dadelik omgekrap.

Hy wou altyd eerste wees en alles self doen. Dit het sy maatjies partykeer baie sleg laat voel maar hulle het geweet dat hy hulle sal beskerm as iemand anders met hulle sou skoor soek.

Bang Fanie was ’n versigtige pers karretjie.

Hy het altyd gedink die ergste gaan met hom gebeur en hy was bekommerd oor alles. Hy het kort-kort gedink hy gaan ’n pap wiel kry of partykeer was hy sommer net bang dat ’n ander karretjie teen hom gaan vasry.





(Seuntjie maatjie se naam) Liefde was ’n vriendelike en sagte roomkleurige karretjie.

Sy lyfie was vol liefde vir almal en hy het altyd warm geglimlag. (Seuntjie maatjie se naam)  Liefde het jou spesiaal en belangrik laat voel en oral waar hy kom drukkies het hy drukkies uitgedeel.

Sannie Skaam was ’n klein bruin karretjie met donker venstertjies.

Sy het nie daarvan gehou om op die pad te ry waar almal haar kon sien nie en orals wegkruipertjie gespeel. Sy het ook altyd gewonder wat die ander karretjies van haar sou dink as sy dalk ’n foutjie maak.






Een oggend vroeg het die paar vriende besluit om op ’n avontuur te gaan. Hulle gaan die lang pad aandurf en die groot karwas, waarvan almal praat, in die groot dorp, (Tuisdorp) besoek.

Hulle wil ook graag die mooi duur, blink motors sien wat die wassery besoek.

Om meer te lees, besoek gerus on webtuiste.

Onthou asb wanneer jy ‘n aanlyn boekie bestel sal die storie geskryf word volgende jou kind se unieke omstandighede. (Karakters se name word vervang met die kind se familie en vriende se name)

Kliek gerus hier om ons webtuiste te besoek